

Hoofstuk: 3&4VD Paragraaf: 8.	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gebruik by die wedergeboorte van die mens nie daardie kragte van sy almag waardeur Hy die menslike wil kragtig en feilloos tot geloof en bekering ombuig nie. As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, voltooi is, kan die mens nogtans God en die Heilige Gees, wat sy wedergeboorte beoog en hom weergebore wil laat word, só weerstaan - en hy doen dit inderdaad ook dikwels - dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder. Dit bly dus in sy eie mag om weergebore te word of nie.			
Die Sinode leer: Dit beteken niks anders nie as dat al die krag van die genade van God in ons bekering weggeneem en die werking van die almagtige God aan die wil van die mens onderwerp word. Dit is in stryd met wat die apostels leer: Ons glo na die werking van die krag van sy sterkte, en:	1 Efesiërs 1:19	en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte ...	en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag
dat God alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof in ons met krag volkome maak, en:	2 Tessalonisense 1:11	Daarom bid ons ook altyd vir julle dat onse God julle die roeping waardig mag ag, en dat Hy alle welgevalle aan wat goed is, en alle werk van die geloof met krag volkome mag maak,	Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak.
sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien.	3 2 Petrus 1:3	Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlikheid en deug,	Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag.